

# HOOFSTUK 16

## Die kerklike tug in die Gereformeerde Kerk

### 1. Die sleutelmag

#### 1.1 Inleiding

God het hier op aarde sleuteldraers van sy ryk aangestel. Hulle is die opsieners en ouderlinge oor sy gemeentes. Hulle hanteer twee sleutels:

- Die verkondiging van die Evangelie
- Die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente

Deur hierdie twee sleutels word die hemelryk vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit

In die hantering van dié twee sleutels hanteer die kerkraad nie hulle eie bevoegdheid nie. Hulle hanteer die bevoegdheid en gesag van Jesus Christus – Openbaring 3:7; Jesaja 22:15-23 (NB vers 22). Die kerkraad het geen eie gesag of afgeleide gesag nie. Alleen Jesus Christus het – en behou – alle gesag.

Hierdie gesag van die kerkraad het 'n dienende karakter. Die kerkraad is volstrek gebonde aan die Woord van Jesus Christus.

By die aflegging van belydenis van geloof, beloof die gelowige dat hy hom sal onderwerp aan die vermaning en tug van die kerk. Die voorwaarde hieraan verbonde is dat die kerkraad sal vermaan en tug ooreenkomstig die Woord van God.

Die tug word ook in die prediking uitgeoefen. Deur die prediking van die evangelie word die hemelryk oopgesluit vir die wat glo, maar vir die wat nie glo nie en wat hulle nie opreg bekeer nie, word die hemelryk toegesluit – Heidelbergse Kategismus (HK), vr 84.

Die Christelike ban is 'n toesluit van die hemelryk, maar ook weer 'n oopsluit waar daar duidelike berou en bekering is. Lees die formulier vir die ban, die formulier om iemand weer op te neem in die kerklike gemeenskap en ook HK, vr. 85.

Die kerklike tug word alleenlik oor diegene voltrek wat in dwaalleer en in hulle sondes volhard. Die tug is nie 'n vergeldingsmaatreeël nie. Die bedoeling is om die sondaar te behou tot die eer van God.

Die lidmate moet in die eerste plek die tug uitoefen. Hulle moet op mekaar ag gee – Hebreërs 10:24; Levitikus 19:17; Matteus 18:15. Volgens Matteus 18 moet die vermaning deur die lidmaat soos volg geskied:

- Vermaan die sondaar tussen jou en hom alleen.
- Neem een of twee getuies saam as die sondaar volhard.
- As hy weier om te luister, vermeld dit aan die gemeente, dit wil sê die kerkraad.

Wanneer die kerkraad bearbeiding doen, gebeur baie kortliks die volgende:

- Die lidmaat word vermaan.
- Daarna word die lidmaat versoek om van die Nagmaal af weg te bly. Dit word dissiplinêre afhouding genoem.
- Daarna volg die drie trappe van sensuur.

#### 1.1.1 Die eerste trap van sensuur

Die lidmaat word die gebruik van die sakramente verbied. Die lidmaat word ook behoortlik daarvan in kennis gestel. Die sonde word aan die gemeente bekendgemaak, maar die naam van die lidmaat word nie genoem nie. Die lidmate word opgewek om vir hierdie persoon te bid.

#### 1.1.2 Die tweede trap van sensuur

Die kerkraad gaan met hulle notules, verslae, ens. na die klassis om te verneem of daar oorgegaan kan word na die tweede trap van sensuur.

Indien die kerkraad goedkeuring van die klassis sou kry, word sowel die sonde as die naam van die sondaar aan die gemeente bekendgemaak.

Die gemeente word versoek om met die sondaar te gaan praat oor sy sonde en om vir hom te bid.

Die persoon kry kennis van die vordering van die tug en ook dat hy hom steeds van die sakramente moet weerhou.

### 1.1.3 Die derde trap van sensuur

Die lidmaat word met die ban uit die gemeente geban.

Is dié persoon uit die koninkryk van God uitgesluit? Ja, iemand wat uit die gemeente geban is, staan buitekant die koninkryk van God, want die ban geskied in gebondenheid aan die Woord van God.

Solank die persoon onbekeerlik bly, bly hy buitekant die koninkryk van God. Lees ook hierby die volgende: Die formulier vir die weeropneming; HK, vr. 85; Matteus 16:19; 1 Korintiërs 5:4,5,11; 2 Korintiërs 2:6,7,8.

### 1.2 Tersaaklike artikels van die kerkorde

- Artikel 71  
Die kerklike tug is geestelik; daarom is, afgesien van burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.
- Artikel 72  
As iemand ten opsigte van die suiwerheid van die leer of die vroomheid van die wandel sondig moet, in sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus dit duidelik in Matteus 18 voorskrywe.
- Artikel 73  
Die heimlike sondes waaroor die sondaar berou het, nadat hy deur een persoon afsonderlik of in teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.
- Artikel 74  
As iemand, nadat hy deur twee of drie persone in liefde oor 'n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie, of 'n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad ahangig gemaak word.
- Artikel 75  
Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos die kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel. Indien daar verskil is in die kerkraad oor die vraag of die versoening in bepaalde gevalle in die openbaar moet plaasvind, moet daarvoor met advies van twee naburige kerkrade beslis word.
- Artikel 76  
Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook die wat 'n openbare of anders growwe sonde gedoen het, moet van die sakramente van die Here afgehou word.
- Artikel 77  
Diegene wat na afhouding van die sakramente en na herhaalde vermanings geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, maar hardnekkig in die sonde volhard, moet eindelijk met die laaste tugmiddel, die afsnyding van die gemeenskap van die kerk, afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die finale afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare afkondigings daarvan aan die gemeente, waarin vermeld moet word wat die oortreding van die sondaar is, dat daar veel arbeid

aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding van die sakramente en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie afkondiging moet die gemeente opgewek word om met die sondaar te spreek en vir hom te bid.

By die eerste afkondiging moet die naam van die sondaar, om hom enigsins te spaar, nie genoem word nie.

By die tweede moet met die advies van die klassis ook sy naam genoem word. By die derde moet aan die gemeente bekendgemaak word dat die sondaar, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilliging van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly.

Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet verloop.

- **Artikel 78**

As iemand wat afgesny is, hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit – voor die viering van die Heilige Nagmaal, of anders wanneer dit geleë is – tevore aan die gemeente bekendgemaak word, sodat hy by die eersvolgende Nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

## **2. Kerklike tug**

Die ware kerk dra drie kenmerke, naamlik (NGB, art. 29):

- Die suiwer bediening van die Woord
- Die suiwer bediening van die sakramente
- Die handhawing van die tug

Al drie hierdie kenmerke is basies dieselfde – die handhawing van die gehoorsaamheid aan die Woord alleen. Calvyn skryf die tug is soos die senuwees waarsonder die kerklike liggaam nie kan lewe nie. Hy beweer ook dat elkeen wat die tug wil wegneem of verhinder, ongetwyfeld die uiterste verstrooiing van die kerk soek. Die tug dien as die wag wat moet waak oor die suiwerheid van die leer – Galasiërs 1:8; Calvyn Institusie IV, XIII, 5.

NB: Die tug is dus 'n wesenskenmerk van die ware kerk en nie net nuttig soos dit in sekere kringe gestel word nie.

## **3. Karakter van die tug**

Die aard van die kerklike tug is geestelik. Die tug geskied in sy uitoefening by die ouderlinge – kerkraad, maar begin in wese sekerlik by die gemeente – Matteus 18:15 e.v., NGB, art. 32.

Verder is die karakter van die tug liefde. Heel eerste gaan dit oor die liefde van God om die sondaar te behou; maar ook oor die liefde van God om sy kerk te bewaar. Tug mag nooit geskied om op iemand wraak te neem of om die kerk skoon te maak nie.

Tug mag ook nooit beskou word as 'n middel om 'n oorwinning oor iemand te behaal nie.

Wesenlik is die tug die handhawing van God se eer deur die toepassing van die eise van sy Woord, onder die leiding van die Heilige Gees, gedra deur die liefde van Christus.

## **4. Noodsaaklikheid van die tug**

Christus gee aan sy kerk die opdrag om oop en toe te sluit.

In die Ou Testament vind dit daarin vergestaltung dat die Here sy uitverkore volk beskerm teen dwaling maar terselfdertyd ook innerlik rein hou deur die toepassing van verskeie wette waarmee oortreders verwyder word uit die verbondsvolk.

Dink hier aan verskillende wette wat die verpligting oplê dat sondaars met die doodstraf gestraf moet word, bv. Deuteronomium 22:22 e.v.

Verder moes die heidense volke ook doodgemaak word wanneer hulle oorwin word om seker te maak dat hulle invloed nie in Israel ingedra word nie – Deuteronomium 20:15-18.

In die Nuwe Testament word hierdie tug gewysig. Daar word nie meer met die dood self gestraf nie maar wel met 'n middel wat die dood simboliseer, naamlik die ban. Die opdrag om uit te sluit kry ons in Matteus 16:19; Johannes 20:21-23; Handeling 5:4,5,10.

God wil alleen dié wat suiwer is in leer en lewe, binne sy kerk behou. Die wat Hom tot oneer is, moet verwyder word. Vergelyk hierby die Nagmaalsformulier en 1 Timoteus.

Die tug is dus 'n omlinde opdrag wat gegrond is in die opdrag en bevel van die Koning van die kerk, Jesus Christus – 1 Korintiërs 5:4,5.

Dit gaan in die tug oor die vergewing en hou van sondes, soos dit geopenbaar word in die ban. Die beginsel is regdeur dat die Woord van God die hoogste en finale en bindende gesag het in die kerk van God. Tuguitoefening moet dus die bediening wees van God se mag.

## **5. Doel van die tug**

Die uitoefening van die tug het 'n drieërlei doel:

### **5.1 Om die eer van God te handhaaf**

Tug is geensins bedoel as 'n menslike afdreigmiddel of as 'n menslike dwangmaatreeël nie.

Die feit is dat God in sy almag voorskrifte gegee het waarvolgens Hy verkies om verheerlik en aanbid te word. Hy eis absoluut dat diegene wat aan Hom behoort, hulle hierby sal bepaal en neerlê. Daarom is die tug daarop ingestel om God se eer te handhaaf in die lewe van sy uitverkorenes.

Baie prakties gestel, beteken dit dat die ouderlinge deur middel van die tug moet toesien dat die eer van God nie gelaster word deur die sonde van diegene wat aan die kerk behoort nie – Romeine 2:24.

Calvyn skryf dat die naam wat die kerk het onder die mense, saamhang met die Naam van God – Institusie IV, XII, 5. As die mense bekend raak vir hulle sondegebondenheid, sal die Naam van God dienooreenkomstig daaronder ly. 'n Sondige lewe getuig ook nie van die inspraak van God die Heilige Gees nie. Daarom is daar ook 'n noue verband tussen die tug en die sakramentsbediening.

### **5.2 Om die sondaar te behou**

Uit 2 Tessalonisense 3:14 word dit duidelik dat die tug die sondaar moet skaam maak. As iemand skaam word, sal hy sy sondes staak.

Dit is ook so dat die tug die sondaar ekskommunikeer uit die gemeente omdat dit hom die gebruik van die sakramente verbied. Die eensaamheid wat nou beleef word, is 'n voorsmaak van die eensaamheid en verwerping wat beleef sal word wanneer God die sondaar in die eindoordeel verwerp. Hierdie belewenis moet dan bydra tot die bekering van die sondaar.

Die gevoel van skaamte sal die sondaar tot berou en bekering beweeg.

### **5.3 Die handhawing van die suiwerheid van die gemeente**

Dit is God wat sy liefde vir sy kerk daarin openbaar dat Hy graag sy kerk bewaar. Die kerk is die liggaam van Christus en daarom moet dit heilig gehou word.

As sonde geïgnoreer word, vermeerder dit totdat dit die hele gemeente besoedel het – 1 Korintiërs 5:6,11. Al sou die sonde nie uitbrei nie, dan besmet dit nogtans die gemeente – 1 Korintiërs 10:1-10.

Die bedoeling van die tug is dus om in hierdie opsig onsuier elemente uit te suiwer, sodat die heiligheid van die gemeente as liggaam van Christus gehandhaaf word.

## **6. Voorwerpe van die kerklike tug**

Dit gaan oor lidmate van die kerk. Maar dan gaan dit oor lidmate individueel. Die tug raak skuldiges, maar nooit 'n groep mense nie. Dit gaan dus altyd oor die individu.

Die beginsel hier is dat die tug voltrek word oor die lidmaat wat in die sondes volhard. 'n Eenmalige oortreding sou nie maklik tugwaardig wees nie, tensy daar aangetoon kan word dat daar volharding in die saak betrokke is.

Tug gaan verder oor leerdwaling. Leerdwaling gee aanleiding tot daadsondes. Vergelyk hierby Hosea 4:1 e.v. waar die Here sê dat sy volk ten gronde gaan vanweë gebrek aan kennis. Maar daar word ook 'n hele reeks sondes genoem wat uit hierdie onkunde voortspruit. Die afleiding is dus dat 'n gebrekkige kennis – leerdwaling aanleiding gee tot sondes.

Die sondes wat die lidmaat doen, kan heimlik, grof of openbaar wees. By heimlike sondes word die weg van Matteus 18:15 e.v. gevolg:

- Die sondaar word onder vier oë geneem en vermaan en bestraf.
- By verharding word daar twee of drie getuies saamgeneem.
- By verdere volharding, word die saak aan die kerkraad bekendgemaak.
- Daarna volg die gewone prosedure van bearbeiding en uiteindelijke tug by volharding.

Die beginsel is dus hier dat die tug vir geheime sondes primêr by die gemeente berus.

**Growwe sondes** is onmiddellik tugwaardig. Elke geval word egter op eie meriete behandel. Hier word die aanstoot wat in die kerk veroorsaak is, in aanmerking geneem.

Alle **openbare sondes** is tugwaardig. Daar is nie so 'n ding soos groot en klein sondes nie. Sonde is ongeregtigheid – 1 Johannes 3:4.

Sonde is openbaar wanneer dit tot die daad gekom het. Heimlike sondes is in die hart, bv. gedagtes, en is nie aan die kerk bekend sodat die kerk daarvoor kan oordeel nie.

Daar mag gevalle wees waar 'n heimlike sonde openbaar geword het en tot ergernis is. In hierdie geval oordeel die kerk daarvoor en is die sondaar tugwaardig.

## 7. Praktiese toepassing van die tug

### 7.1 Bekendmaking van gevalle aan die kerkraad

Die geldende beslissing is dat wanneer iemand 'n klag inlewer by die kerkraad, hy gewillig moet wees om sy identiteit te laat openbaar – indien nodig.

Klagtes moet bewys word, met ander woorde vergesel word van die nodige getuienis. Die kerkraad is nie ontvanklik vir enige anonieme klagtes of briewe nie.

'n Klag moet die volgende duidelik uiteensit:

- Die aard van die sonde
- Die plek van die sonde
- Die tyd wanneer die sonde plaasvind – of plaasgevind het

Heimlike sondes wat na behandeling van Matteus 18 na die kerkraad verwys word, word deur die betrokke persoon – saam met sy getuies – aan die wyksouderling bekendgemaak.

Wanneer dié ouderling hierdie saak aan die kerkraad bekendmaak, moet die naam van die sondaar verswyg word totdat die kerkraad seker gemaak het dat die weg van Matteus 18 gevolg is. Die name van die persone wat met die sondaar gehandel het, mag wel genoem word.

Wanneer die kerkraad hom daarvan vergewis het dat die weg van Matteus 18 wel gevolg is en dat die persoon skuldig is aan 'n tugwaardige sonde, word die saak behandel.

### 7.2 Die ondersoek deur die kerkraad

Wanneer die kerkraad 'n klag ter tafel neem, moet hy **amptelik ondersoek instel** of die sondaar **skuldig** is aan sonde en in hierdie sonde **volhard**. Die ondersoek behoort te geskied voor die volle

kerkraad – ouderlinge en predikant (diakens is nie deel van die kerkraad nie). Soms mag die saak wel om praktiese redes na 'n kommissie verwys word.

In die ondersoek gaan dit altyd om die waarheid en die eer van God, die behoud van die sondaar en die stigting van die gemeente. Daarom moet hierdie ondersoek regverdig wees.

Die aangeklaagde moet dus voldoende geleentheid kry om homself te verweer. Hy kan dit mondeling of skriftelik doen.

Die ondersoek moet baie deeglik wees en moet gekenmerk word deur versigtigheid en waarheid en liefde.

Opsommend kan die beginstappe soos volg gestel word:

- Die skuld moet vasgestel word.
- Daar moet ook vasgestel word of Matteus 18 gevolg is in die geval van 'n heimlike sonde.
- In die geval van 'n openbare sonde is die prosedure soos volg:
  - Ondersoek na die aard van die sonde en die gesindheid van die sondaar.
  - Die sondaar moet oortuig word van sy sonde en beweeg word tot skuldbelydenis, berou en bekering.
  - By volharding volg die afhouding en voorbidding.

### 7.3 Optrede van die kerkraad – bearbeiding

Die kerkraad moet die sondaar baie deeglik bearbei. Dit kan verskil in vorm. Aanvanklik geskied die bearbeiding deur die wyksouderling. Wanneer die sondaar volhard, besluit die kerkraad op intensiewer bearbeiding.

Dit gebeur soos volg: Twee of drie ouderlinge word saam met die wyksouderling gedeputeer om met die sondaar te gaan praat. Hulle rapporteer dan terug aan die kerkraad, per skriftelike verslag, wat deur hulle almal onderteken word.

Die **gaan praat** beteken dat die broeders amptelik, in die Naam van die Here Jesus Christus, as sy gesalfde konings, na die sondaar toe gaan en in liefde met hom handel oor sy sonde.

Hulle moet hom:

- oortuig dat hy verkeerd is en sondig teen God;
- vermaan dat hy hom besondig;
- daarop wys dat hy ook die gemeente met sy sonde besoedel;
- beweeg tot berou en bekering; en
- bemoedig – NB – en versterk.

Die bearbeiding mag in sommige gevalle baie lank duur. Die deputate mag 'n hele paar keer gestuur word om die lidmaat te gaan bearbei. Die deputate mag selfs wissel. Die predikant moet baie versigtig benoem word op sulke kommissies, want sy teenwoordigheid kan die indruk skep van 'n predikantskerk, terwyl die toesig aan die ouderlinge toevertrou is. Die predikant is die profeet wat die Woord moet verkondig.

Na elke besoek bespreek die kommissie die besoek en stel hulle bevindinge op skrif en onderteken dit behoorlik. Al hierdie skriftelike verslae word by die wyksverslag in die kerkraadsvergadering gelewer en ook ingehandig vir liassering. Indien die saak vir die tweede trap van sensuur na die klassis verwys sou word deur die kerkraad, moet hierdie wyksverslae saam met die notules van die kerkraad die aansoek vergesel.

Indien die kerkraad onder die indruk kom dat die sondaar onbekeerlik is en in sy sondes volhard, word hy van die sakramente weerhou.

## 7.4 Stille afhouding

Dit is nie sensuur of tug nie en moet baie duidelik van dissiplinêre afhouding onderskei word.

Stille sensuur vind plaas wanneer die kerkraad iemand versoek om vanweë buitengewone omstandighede hom van die Nagmaal te weerhou. Onder *buitengewone omstandighede* word verstaan dat iets gebeur wat die kerkraad verhoed om die saak af te handel voor die Nagmaal.

Daar word gewoonlik die volgende drie voorbeelde genoem om die saak toe te lig:

- Gestel iemand het, nadat sonde begaan is, alreeds sy berou bevestig, maar die aard van die sonde was sodanig dat dit groot aanstoot en ontstigting in die gemeente tot gevolg gehad het. Indien die gemeente nog nie heeltemal tot rus gekom het oor die saak nie, mag dit vir die kerkraad duidelik word dat dit die stigting van die gemeente sal dien indien die sondaar hom nog 'n tyd lank van die sakramente weerhou. Sodra die saak opgeklaar is, word die betrokke lidmaat tot die sakramente toegelaat.
- Wanneer daar kort voor Nagmaal iets gebeur wat aanstoot gee – of 'n openbare sonde gepleeg word – en die kerkraad het nie tyd om hierdie saak behoorlik te gaan ondersoek of uit te pluus nie, vanweë 'n gebrek aan tyd, word die betrokke persoon versoek om hom ter wille van die stigting van die gemeente van die Nagmaal te onthou.
- 'n Lidmaat mag 'n growwe openbare sonde begaan het wat deur die owerheid strafbaar is. Die persoon het al in die hof verskyn, maar die saak is nog nie afgehandel nie – die regter het byvoorbeeld nog nie sy uitspraak gegee en die vonnis bepaal nie – dan word die persoon versoek om hom van die Nagmaal te weerhou.

## 7.5 Die toepassing van sensuur

Die tug val uiteen in drie trappe of stadiums. Dis nie drie trappe waarvan die tweede erger of swaarder is as die eerste en die derde weer erger is as die tweede nie. Die Kerkorde noem dit drie afkondiginge. Die saak verloop dus in drie fases wat in die algemene praattaal bekend geword het as die drie trappe van sensuur of tug.

### 7.5.1 Die eerste trap van sensuur

Die eerste trap van sensuur bestaan uit twee stappe:

- Die dissiplinêre afhouding van die sakramente
- Die bekendmaking, na volharding, aan die gemeente

#### 7.5.1.1 Die dissiplinêre afhouding

Wanneer 'n lidmaat nie op bearbeiding reageer deur berou te bewys en hom te bekeer nie, word die kerkraad verplig om hom van die sakramente af weg te hou.

Dit is nie so dat die kerkraad daarop uit is om iemand te tug nie. Dis meer waar dat die sondaar self die tug oor hom “verwerf”, omdat hy in sy sondes teen God volhard.

Dissiplinêre afhouding vind dus plaas nadat 'n sondaar nie positief op bearbeiding wil reageer nie en die kerkraad hom die reg van die gebruik van die sakramente tydelik ontsê, in afwagting van sy bekering van sy sonde.

Met hierdie daad van afhouding sê die kerkraad amptelik aan die sondaar: Jy wil nie berou betoon nie en jy volhard in jou sonde. Hierdie afhouding van die sakramente is die gevolg daarvan. Jy het uitgebreek uit die kudde van Christus en jy ontheilig God se kerk met jou sonde – nou het jou sonde jou buite die gemeenskap met Christus en sy gelowiges gestel.

Die karakter van hierdie afhouding van die sakramente is **bestraffend** – maar ook **kastydend** – van aard en is bedoel **om die sondaar tot bekering te beweeg**.

#### 7.5.1.2 Wat gebeur nie by dissiplinêre afhouding nie?

- Dis nie die ouderling wat die lidmaat van die sakramente afhou nie. Geen ouderling het die reg daartoe nie. Wanneer 'n sondaar hom verhard, word hy deur die kerkraad bearbei en die kerkraad oordeel wanneer die sondaar van die sakramente afgehou word.
- Die sondaar se lidmaatskap verval nie. Hy bly lidmaat, maar sekere voorregte word net buite sy bereik gestel.
- Die sondaar mag tydens hierdie tydperk nie verkies word tot ampsdraer nie. Hy mag ook nie Nagmaal gebruik of sy kinders laat doop nie. So 'n lidmaat mag ook geen stemreg uitoefen in vergaderings nie.
- Die kerkraad hou nie op om die persoon te besoek en te bearbei nie. Hulle moet dit juis nou des te meer doen.
- Die sondaar hou ook nie nou op om kerk toe te kom nie. Kerkbesoek sal juis 'n aanduiding van berou en moontlik bekering wees.
- Die toepassing van hierdie stap van tug word nie aan die gemeente bekendgestel nie.

#### 7.5.1.3 Bekendmaking aan die gemeente

Wanneer die sondaar steeds volhard, volg die tweede stap by die eerste trap van sensuur: die saak word aan die gemeente bekendgestel maar die sondaar se naam word nie genoem nie. Die sondaar word nog gespaar.

Die eerste trap van sensuur word nou in sy volle konsekwensies toegepas, wat dus beteken dat:

- die saak aan die gemeente afgekondig word;
- daar genoem word dat iemand onder die eerste trap van sensuur is;
- daar aan die gemeente bekendgemaak word dat die persoon nie die sakramente mag gebruik nie; en
- daar gesê word watter gebod oortree is.

Die gemeente word opgewek om vir hierdie saak te bid.

Die sondaar kry vooraf behoorlik kennis. Dit word mondeling en skriftelik aan hom oorgedra. Indien die persoon die kerkraad ontduik, sodat dit vir hulle onmoontlik is om hom te kontak, kan die kennis per aangetekende pos op hom bestel word.

Dit word weer eens duidelik gestel aan die sondaar dat die sakramente hom verbied word.

#### 7.5.2 Die tweede trap van sensuur

Die sondaar volhard nog steeds in sy sondes. Intussen gaan die bearbeiding van die kerkraad nougeset voort. Dit word ook vir die kerkraad duidelik dat daar geen berou en bekering by die sondaar teenwoordig is nie. Daar word oorgegaan tot die tweede trap van sensuur.

By die toepassing van die tweede trap van sensuur onderskei ons weer verskillende stappe:

##### 7.5.2.1 Die verharding van die sondaar moet eers vasgestel word.

##### 7.5.2.2 Dan besluit die kerkraad om voort te gaan met die tug – die tweede trap van sensuur.

##### 7.5.2.3 Die kerkraad moet egter baie seker maak dat hy alles in sy vermoë gedoen het om die sondaar te bearbei. Om dit te kan doen en om seker te maak dat die kerkraad nie partydig – bevooroordeeld – teen die sondaar was nie, word die hulp van die kerkverband opgesoek in hierdie saak. Dit gebeur soos dit beskryf word onder *Waarom die advies van die klassis*.

##### 7.5.2.4 Dan word aan die sondaar kennis gegee dat daar oorgegaan word tot die tweede trap van sensuur. Hy word steeds die sakramente verbied.

##### 7.5.2.5 Die gemeente word weer eens in kennis gestel:

- Die naam van die sondaar word aan die gemeente bekendgemaak.



- Daar word aan die gemeente bekendgemaak dat die kerkraad al baie bearbeiding gedoen het maar dat die sondaar in sy sondes volhard.
- Daar word bekendgemaak dat die sondaar die sakramente verbied word.
- Die gemeente word versoek om met die sondaar te gaan praat, sodat hy bekeer mag word.
- Die gemeente word opgewek om vir die sondaar te bid.

7.5.2.6 Die kennisgewing aan die sondaar geskied weer eens mondeling en skriftelik – soos by die eerste trap van sensuur.

7.5.2.7 Kennis word gegee dat die sondaar op 'n bepaalde datum uit die kerk geban gaan word as hy hom nie bekeer nie.

7.5.2.8 Bearbeiding gaan voort.

### **Waarom die advies van die klassis?**

Die advies van die klassis is om die volgende redes nodig:

- Omdat die kerkraad die reg na alle kante toe wil handhaaf – ook ten opsigte van die sondaar wat onder sensuur is – gaan vra hy advies by die klassis.  
Dit is 'n baie ernstige saak wanneer iemand onder die tug is en selfs uit die kerk geban mag word. Daarom wil die kerkraad die tug toepas in ooreenstemming met, en ook ooreenkomstig die kerke in sy buurt. Die kerke in sy buurt vorm die klassis waarvan dié kerk deel is.
- Die noodsaaklikheid van die advies van die kerke rondom vloei voort uit die feilbaarheid van die mense self in hulle amptelike verpligtinge soos Christus dit aan hulle opdra.
- Die advies van die klassis word ook gevra om daarmee te sorg dat daar in kerkverband gelykheid gehandhaaf word in die toepassing van sensuur deur die verskillende kerke. Anders mag dit wees dat die kerke, vanweë verskillende vertolkings, verskillende rigtings inslaan en uitmekaardryf.
- Die klassis moet hom daarvan vergewis dat:
  - die **sonde begaan** is;
  - die **optrede van die kerkraad volgens Kerkorde, art. 76, 77** was; en
  - daar **genoegsame vermanings** was.

Indien die klassis daarvan oortuig is dat die kerkraad se bearbeiding voldoende was en dat sy hele optrede in ooreenstemming met die Kerkorde was, word daar toestemming verleen dat daar met die tweede trap van sensuur voortgegaan word.

7.5.3 Die derde trap van sensuur

Hierdie trap is die ernstigste in sy toepassing en sy gevolg maar die mees ongekompliceerde van al die tugstappe. Die toepassing van hierdie stap bestaan bloot daaruit dat die predikant, in opdrag van die kerkraad, op 'n vasgestelde datum die formulier van die ban lees tydens die erediens en dat die betrokke persoon se naam gekoppel word aan die formulier van die ban.

## **8. Slot**

Die kerkraad moet altyd seker maak dat alle werk baie deeglik gedoen word. Sorg dat elke kommissie se verslag skriftelik ontvang word. Sorg dat daar na elke besoek deur 'n kommissie 'n verslag opgestel word. Sorg dat die skriba hierdie stukke noukeurig liasseer.

En **haas jou langsaam**. Moenie iemand met die tug verwurg nie; dis nie waarvoor die Here dit gegee het nie.

## **9. Tug oor ampsdraers**

9.1 Dit gebeur anders as by lidmate

Tug oor ampsdraers geskied anders as tug oor lidmate. Voordat die tug van Kerkorde, art. 71-78 van toepassing word, moet die ampsdraer eers uit sy amp kom, want iemand wat onder die tug is, mag nie in die amp dien nie.

By ampsdraers word daar eers oor hulle amp gehandel wanneer hulle getug word. Dit gaan dus in die hele saak veral oor die handhawing van die waardigheid van die besondere ampte.

## 9.2 Onder watter omstandighede?

Die Kerkorde omskryf dat 'n ampsdraer tugwaardig is wanneer hy 'n sonde doen wat “vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is”.

- Die bedrywer van die sonde maak homself eerloos in die wêreld.
- Hy maak hom in die kerk eerloos.
- Veral as sy sonde nog strafbaar is by die owerheid, word die eer van die Here en van sy gemeente aangetas.

Vergelyk hier 1 Timotheüs 3:2-4, 8, 9, 12. Volgens die opdrag van 1 Timotheüs 5:20 is die kerk verplig om op te tree teen ampsdraers wat hulle in leer of lewe misgaan.

## 9.3. Hoe gebeur dit?

- Die kerkraad vergader oor die saak en skors die ampsdraer voorlopig uit sy amp – as hy skuldig is. Die kerkraad is die ouderlinge. Die diakens is nie teenwoordig nie.
- Die skorsing deur die kerkraad is egter net voorlopig.
- Dan roep die kerkraad dadelik 'n naburige kerkraad op, of hy roep twee naburige kerkrade se deputate op. Laasgenoemde werkwyse is die mees algemene in gebruik. Dit is gewoonlik moeilik om net 'n naburige kerkraad op te roep, want daardie kerkraad moet in dieselfde klassis wees. Dit kan nog maklik oorbrug word, maar daar moet ten minste 'n kworum van daardie opgeroepde kerkraad op die vergadering teenwoordig wees en dit is nie altyd so maklik om reg te kry nie.
- Wanneer deputate opgeroep word, is dit twee ouderlinge en die predikant van elke gemeente. Dit geld natuurlik nie die konsulent se gemeente as die plaaslike predikant betrokke is as geskorste nie.

## 9.4. Ondersoeke

Die kerkraad moet eers die beskuldiging ontvanklik verklaar. Daar staan in 1 Timotheüs 5:19 dat daar nie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aangeneem mag word, behalwe op sterkte van die getuienis van twee of drie.

- Daar moet dus voldoende getuies wees.
- Die sonde moet gestaaf word.
- Die plek van sonde moet gestaaf word.
- Die tyd – geleentheid – moet bewys word.

Nou ondersoek die kerkraad die saak en hulle let op die volgende aspekte:

- Die aard en omvang van die sonde.
- Of die sonde openbaar is.
- Die mate van aanstoot – grofheid wat dit gegee het.
- Of die sonde ook by die owerheid strafbaar is.
- Hulle gee aan die aangeklaagde die volle geleentheid om homself te verweer. Hy kry dus kennis van die vergaderings wat gehou sal word.

## 9.5. Verloop

- Die kerkraad en die naburige kerkrade skors die ampsdraer.
- Dit beteken dat hy bywoning van kerkraadsvergaderings ontsê word, asook die gebruik van die sakramente.
- Iemand wat oortree het, mag nie ontslag aanvra uit die amp net om skorsing of afsetting vry te spring nie.
- Skorsing is tydelike opskorting van 'n ampsdraer uit die ampsbediening. 'n Ampsdraer word geskors wanneer die betrokke kerkrade van oordeel is dat hy weer met vrug in sy amp kan dien nadat hy berou het en sy opregtheid aan die gemeente bewys het.
- In hierdie gevalle is die skorsing ook net tydelik en vergader dieselfde kerke weer op 'n later datum om oor die herstel of afsetting van die geskorste te oordeel.
- Indien die kerke dan oordeel dat daar geen berou en bekering was nie – dus verharding en volharding – word die betrokke uit sy amp afgesit.
- Afsetting is die oneervolle uitsetting uit die amp self. Die amp word die persoon ontnem.

By predikante verloop die saak in beginsel presies dieselfde, maar prakties is daar 'n verskil. Omdat die predikant deur die kerkverband beroepbaar gestel is, moet hy ook weer deur die kerkverband afgesit word uit sy amp. Die verloop is dus soos volg:

- Die kerkraad skors die predikant voorlopig.
- Twee naburige kerkrade oordeel saam met die kerkraad oor die saak en indien die predikant skuldig is, bekragtig hulle die skorsing.
- Daarna word die saak na die klassis verwys. Die klassis mag oordeel dat, na grondige berou, die predikant weer in sy amp herstel mag word.

Indien die klassis oordeel dat die predikant afgesit moet word, word die deputate van die partikuliere sinode bygeroep om saam met die klassis oor die saak te oordeel.